

BRIEF

Fernel R. Abrahams



Hierdie gedig moet geles word as 'n informele brief
uit die hart geskryf, maar in digvorm

Hierdie gedig is intertekstueel.

Dele van die gedig herinner 'n mens direk aan Krog se gedig en dit lyk asof dele daaruit geleen is.

VERSKILLE tussen MA en BRIEF

Ma

- ma
- Eerlikheid
- Oorspronklik
- Sonder leestekens
- Jy (oneerbiedige aanspreekvorm in Afrikaans)
- Heel moontlik 'n meisie
- Huldeblyk aan ma

Brief

- Mammie
- Bietjie rebelsheid
- Gebaseer op Ma
- Soms leesstekens
- Meer respek
- 'n Seun
- Selfgesentreerd (boetedoening en wie en wat hy is)

Pleeg hy PLAGIAAT?

- Nee.....
- In sy gedig gee hy erkenning aan Antjie Krog
- Hy sê dat hy na iemand se gedig verwys
- Hy sê ook iets vir sy ma
- Maar hy sê dit tog op sy eie persoonlike manier

Die ooreenkomste en verskille van die spreker se gedig teenoor “Ma” van Antjie Krog.

1. Mammie, ek skryf ook vir Ma ‘n kaalvoetgedig

Emotiewe woord.
Dit dui op respek en liefde.

2. sommer so, nes Antjie

Ook net eenvoudig en informeel.

3. maar ek gebruik soms leestekens

Dui op ‘n verskil. Hy gebruik wel leestekens, MAAR hy sal nie vir sy ma ‘jy’ sê nie.

4. en ek sal nie vir Mamma “jy” se nie

Dit dui op die rede waarom sy gedig anders is as Antjie Krog se gedig. Hierdie dinge pas nie by sy ma nie, WANT hy het te veel respek vir haar. (Dit beteken nie dat die spreker in die gedig “Ma”Krog nie respek vir haar ma het nie - Die spreker in “Brief” betoon net sy respek teenoor sy ma op ‘n ander manier.)

5. want dit hoort vir my

6. nes plastiekblomme en wit skoene

7. nie by Ma nie.

Disrespek in Afrikaans om vir jou ma/pa of ouer mense “JY” te sê.

Vir hom hoort die aanspreekvorm nie by sy ma nie – hy respekteer sy ma, sy verdien net die beste.

- Sy ma hou van korrekte en mooi dinge;
- Vars blomme pas by sy ma;
- Wit skoene : swak smaak (of so het die modekenners op ‘n stadium gesê).

In strofe 2 word die spreker se veranderinge, fisies en emosioneel, bespreek: hoe hy verander.

8. ek het grootgeword, weet Ma -

Die aandagstreep (–) word as ‘n beklemtoning gebruik en dat ‘n verduideliking gaan volg: *hy skrik vir homself*.

9. ek skrik soms vir myself

Skrik kan dui op ‘n bang gevoel dat hy grootword.

10. want my skoolbaadjie pas nie meer nie

11. my hare is lank

Verwys na die rede hoekom.

12. ek wil ‘n oorring dra

13. ek bid byna nooit nie

14. en ek glo nie sommer net in God nie

15. ek dink, praat, skryf selfs oor die dood

16. – ek wonder of Ma van my verse sal hou –

Óf sy geloof het verdiep
hy dink oor die Hemel / Hel
Óf hy glo nie meer wat sy ma hom oor die
Hemel / Hel geleer het nie –
hy het sy eie idees begin formuleer en
begin om dinge te bevraagteken.

Die aandagstreep (–) word gebruik en wys op die feit dat hy met homself praat.
Sy eie gedagtes word met ander woorde hier ingevoeg.

In strofe 3 maak die spreker verskoning vir sy verandering.

17. Ek weet Ma sou wou he ek moes klein bly -

18. en ek het nie

19. kon nie

20. 'skuus Mammie

21. maar ek is nog Ma se kind

22. grootmenskind

23. anderster kind

Elisie: wanneer 'n gedeelte van 'n woord weggelaat word.

Kinderlike teerheid

Inkeping & Alleenplasing.
Dit beklemtoon die feit dat het hy verander en grootgeword het, maar hy bly hy steeds haar kind.

Dui op 'n verandering in sy lewe. Wat sy ma wou gehad het en wat gebeur het verskil MAAR ten spyte van die grootword *verandering* bly hy sy ma se kind.

Die gedig is Vrye Vers

Daar kom geen eindrym in die hele gedig voor nie.

Hoofletters word slegs gebruik wanneer die spreker sy ma aanspreek en ook aan die begin van elke vers

Funksie van die Alliterasie

Maak die gedig meer klankryk.

Tema

Die spreker, jong man bly sy ma se kind, al het hy grootgeword en fisies en psigies verander het van kind na grootmens.

Stylfiguur	In die gedig	Verduideliking
Alleenplasing	Reël 18, 21 en 22.	Woorde of sinsndele wat alleen in 'n versreël geplaas word om dit te beklemtoon.
Alliterasie	“s” reël 2, 3, 8, 21	Opeenhoping van konsonante of beginklanke.
Apostroof	Hy praat in die hele gedig met sy ma.	Die tegniek word gebruik om iemand in die gedig direk aan te spreek.
Elisie	Reël 19: 'skuus vir askies.	'n Letter van 'n woord word weggelaat.
Enjambement.	Die hele gedig.	Die een versreël loop oor na die volgende een sonder leestekens.
Herhaling / Repetisie	Die woord “ma” deur die hele gedig.	Woorde word herhaal om respek te betoon.
Konnotasie	Reël 1: Kaalvoet word gebruik as “eenvoudige”.	Die figuurlike gebruik van die woord.
Antitese / Teenstelling	Reël 21: <u>grootmenskind</u> .	Twee uiterstes word teenoor mekaar gestel.
Parentese	Reël 15	'n Versreël word onderbreek om 'n ekstra gedagte in te voeg / in te las.
Retoriese vraag	Reël 15	'n Stelling wat as 'n vraag geskryf word, maar wat eintlik geen antwoord verwag nie.
Rymtipe	Oorheersend vryerym behalwe reëls 17, 18, 19 en 20, 21, 22 wat paarrym is.	Die gedig is hoofsaaklik 'n vrye vers; daar is nie 'n definitiewe rymskema nie.